Disciple4

Die toerus en vermenigvuldiging van dissipels en dissipelmakers - ‘n paar individue op ‘n slag

1

Wat Jesus oor die Groot Opdrag

Week 1

Dag 1/6 (Groepsbyeenkoms)

Discovery Bible Study (DBS) (± 90 minute)

A: Fellowship (35 minute)

1. Waarvoor is jy dankbaar?
2. Watter uitdagings het jy die afgelope week ervaar?
3. Het jy enige geestelike gesprekke met mense gehad die afgelope maand?

NB: Maak ‘n lys van minstens 7 ongeredde mense en begin daagliks vir minstens een van hulle te bid.

B: Die Woord (30 minute)

Die Skrifgedeelte waarop gefokus word: Matteus 28:16-20

1. Iemand in die groep lees die Skrifgedeelte.
2. Maak julle Bybels toe – vra iemand om die storie oor te vertel sonder interpretasie – enigiemand kan enige detail byvoeg wat uitgelaat is.
3. Iemand anders lees dit weer.

NB: Die fokus is op wat in hierdie spesifieke Skrifgedeeltes staan. Probeer om so min as moontlik van kruisverwysings gebruik te maak – om nie ander Skrifgedeeltes by die bespreking van hierdie spesifieke Skrifgedeeltes in te sluit nie. Vra die Heilige Gees om julle te leer. Vermy ingewikkelde teologiese debatte. Die basiese vraag is: Here, wat wil U vir my sê uit hierdie spesifieke Skrifgedeelte?

Bespreek die Skrifgedeeltes aan die hand van drie vrae:

1. *Wat leer ons van God in hierdie gedeelte?*

(Hoe openbaar God Homself aan my: Wie Hy is, Sy karakter, werke, bevele, beloftes?)

2. *Wat leer ons van onsself/ander mense uit hierdie Skrifgedeelte?*
   (Wat verwag God van my volgens hierdie gedeelte – bv. om te vergewe, groei in my verhouding met Hom, gehoorsaam te wees, en in 'n verhouding met Hom te leef? Wat moet in my lewe verander? Wat is my verantwoordelikhede?)
3. H*oe kan ons dit wat ons uit hierdie gedeelte ontdek het, integreer in ons lewens?*
   (Hoe moet ek God gehoorsaam? Hoe kan ek vir ander tot seën wees? Wat en waaroor kan ek bid vanuit hierdie Skrifgedeelte?)

C: Gehoorsaamheid 30 minute)

Van inligting tot gehoorsaamheid: Nadat julle Matteus 28:16-20 bestudeer het, wat voel julle vra die Heilige Gees van julle om te doen? Omdat dit God is wat hier praat, moet ons reageer. In hierdie gedeelte van die groepsbyeenkoms gaan ons oor *van inligting na gehoorsaamheid*: Is daar iets wat in jou lewe moet verander in die lig van julle bespreking van hierdie Skrifgedeelte? Wat is daar wat jy in die komende week moet doen na aanleiding van julle bestudering van hierdie Skrifgedeelte? Hoe kan jy 'n seën wees vir ander mense rondom jou? Wees baie spesifiek. Almal in die groep reageer op die Woord met 'n *I will statement* vir die week en deel dit met die groep. 'n *I will statement* is 'n persoonlike verbintenis tot wat jy in die komende week prakties sal doen in gehoorsaamheid aan wat die Heilige Gees vir jou sê.

Bid saam as 'n groep. Wanneer ons bid, staan ons in die teenwoordigheid van God. Dit is die belangrikste gesprek van julle tyd saam. Moenie hierdie gebedstyd verwaarloos nie. Bid vir mekaar en wat God tydens die groepsbyeenkoms vir julle gesê het.

Maak die volgende aktiwiteite deel van jou daaglikse lewe

As deel van die proses van groei as dissipel en dissipelmaker, word voorgestel dat groepe op 'n paar definitiewe praktyke fokus om deel van hulle lewens te word. Dit moet nie as "wette" gesien word nie, maar lewenspraktyke wat jou sal help om as dissipel en dissipelmaker te groei.

1. Doen jou ***I will statement*** elke week.
2. Bid daagliks vir jou **eie groei as dissipel en dissipelmaker**, **jou groep** en vir **meer mense** om dissipels en dissipelmakers te word.
3. Bid op 'n vaste basis vir minstens **7 ongeredde persone.** Bid elke dag vir minstens een van hulle. Die Heilige Gees sal vir jou ook **ander ongeredde individue** wys wat jou gebede nodig het.
4. Bid vir geleenthede om jou **getuienis met mense te deel** en hulle te vertel **waarom Jesus aarde toe gekom het.** Bid vir ten minste een geestelike gesprek elke week.
5. Vertel vir minstens **een persoon** van die dissipelskap proses waarin jy betrokke is.

6. Bid volhardend vir **drie persone** wat jy kan vra om 'n **nuwe dissipelmakers groep** te begin aan die einde van julle 25 weke se toerusting.
7. **Bid vir geleenthede om uit te reik na die pyn**, verlorenheid en gebrokenheid in die wêreld rondom jou. Hoe kan jy 'n seën vir mense wees? Bid en vra die Here om jou te stuur na mense wat nood het of dat Hy hulle na jou toe sal bring.
8. Bid vir **een of twee** met die evangelie **onbereikte groepe en lande.**
9. Soek geleenthede om vir **siekes** te bid. Dit is ons voorreg om vir hulle te bid. Dit is God se "verantwoordelikheid" om te besluit hoe Hy wil antwoord.
10. **Bou verhoudings** met ongeredde mense.

Dag 2/6 (Selfstudie)

Krag vir die taak

Die taak wat Jesus aan die 12 dissipels gegee het, is bo menslike vermoë. Jesus het dit geweet. Daarom het Hy vir hulle die Heilige Gees, die Parakleet, gestuur: "Die Een wat saamloop om te ondersteun of te help, die Een wat lei, verseël, doop, deur wie wedergeboorte plaasvind, heilig is, wat in die gelowige woon, ons bemagtig, gawes gee vir bediening, oortuig van sonde, genees en ook tekens en wonders doen deur die gelowiges."

Net voor Sy hemelvaart, het Jesus vir hulle die belofte in meer besonderhede verduidelik: *Terwyl Hy 'n keer saam met hulle aan tafel was, het Hy hulle beveel: Moenie van Jerusalem af weggaan nie, maar bly wag op die gawe... Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal My getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld* (Handelinge 1:4 en 8).

Kyk mooi wat sê Jesus hier:
1. Wie het die geskenk belowe?
2. "Wat" was hierdie geskenk?
3. Twee definitiewe dinge sal gebeur wanneer hulle met die Heilige Gees gedoop word.
4. Maar eers moet hulle in Jerusalem wag. Waarom?

Ons kan nie die werk doen sonder die krag van die Heilige Gees nie.

Vra Jesus daagliks vir die krag van die Heilige Gees.

Belangrik: Spandeer meer tyd om die Heilige Gees te leer ken. Blaai deur die Nuwe Testament, skryf alle verwysings na die Heilige Gees neer – besin oor Sy karakter en werke. Bv. Jesaja 11:2; Handelinge 1:8; Handelinge 2:1-4; Johannes 14:26.

Soek geleenthede waar jy vir mense die volgende vraag kan vra: *As jy vandag vir God vir 'n wonderwerk kan vra, wat sou dit wees?* Moenie bang wees om te vra nie – God sal antwoord soos wat Hy die beste weet.

Dag 3/6 (Selfstudie)

Hulle moes doen wat Jesus gedoen het.

Toe Jesus die Twaalf in Matteus 10:7-8 uitgestuur het, het Hy vir hulle gesê: *Terwyl julle gaan, verkondig hierdie boodskap: 'Die koninkryk van die hemele het naby gekom.' Maak siekes gesond, wek dooies op, reinig die melaatses, dryf duiwels uit.*

Lees Markus 16:14-20. Terwyl Hy op die punt was om te vertrek, het Jesus met die elf gepraat. Nadat Jesus weg is, lees ons van die apostels: *Hulle het toe die evangelie oral gaan verkondig* (Markus 16:20). Dit is wat ons in die boek Handelinge sien. Maar in Handelinge was dit nie net die Twaalf Apostels wat gepreek, genees, onderrig gegee en dissipels gemaak het nie – almal het dit gedoen! Al die nuwe gelowiges was gevul met die krag van God. Almal het getuig. Almal het mense genees. Almal van hulle het dissipelmakers gemaak. Almal het ander geleer.

Almal 'n volgeling van Jesus.

Almal 'n dissipel van Jesus.

Almal 'n dissipelmaker.

Belangrik: Is jy 'n "doen" dissipel, of net een wat 'n klomp kennis het, baie daaroor praat maar in die praktyk nie veel daaraan doen nie?

Dag 4/6 (Selfstudie) Dissipelskap en dissipelmaking in Hand. 2

Jesus het vir die Apostels gesê: *Gaan maak dissipels.* **Hoe het hulle dit gedoen?**

Lees Handelinge 2:37-47. Dit beskryf wat gebeur het na die uitstorting van die Heilige Gees.

1. Daar was prediking: Handelinge 2:37-38; 41.
2. Daar was lering: Handelinge 2:42 – Hulle het hulle toegewy aan die leer van die apostels.
3. Die gelowiges het gereeld saamgekom vir gemeenskap: Handelinge 2:42 – die onderlinge verbondenheid (fellowship).
4. Die gelowiges het saam maaltye geëet: Handelinge 2:42 en 46 – die breek van brood, breek brood van huis tot huis, deel hulle maaltye met blydskap en opregtheid van hart.
5. Die gelowiges het saam gebid: Handelinge 2:42 – en die gebede.
6. Daar was tekens en wonders: Handelinge 2:43 – 'n Gevoel van ontsag het oor almal gekom, en die apostels het baie wonders en tekens gedoen.
7. Daar was vrygewigheid: Handelinge 2:45 – Deur hulle besittings en goedere te verkoop, het hulle gedeel met elkeen wat in nood was.

Indien jy sê dat jy 'n volgeling van Jesus is, tot watter mate is jy betrokke by die verspreiding van die evangelie? Hoe is jy

betrokke by die maak van dissipels? Jesus was duidelik daaroor dat ons dissipels moet gaan maak! Die evangelie is meer as net om te evangeliseer. Ons moet beide doen – evangeliseer en ons "hande gebruik" om mense te bedien met die liefde van die Here Jesus.

Belangrik: Bid vir geleenthede om jou getuienis en die evangelie met mense te deel. Bid vir ten minste een geestelike gesprek hierdie week. Een manier om 'n aanknopingspunt te kry *is om vir iemand te vra of hulle al ooit 'n antwoord op gebed beleef het.*

Dag 5/6 (Selfstudie)

Die oorblywende taak

Min of meer drie miljard mense wêreldwyd het nog nie een keer die evangelie gehoor nie. Daar is steeds +7200 onbereikte mensegroepe. (Een van die definisies van 'n onbereikte etniese groep is wanneer so 'n groep minder as 2% Christene onder hulle het). Slegs 18,3% van nie-Christene ken 'n Christen persoonlik. Hoe kan hulle hoor tensy iemand dit vir hulle sê? Hulle sal nie kerk toe kom nie. Ons sal na hulle toe moet gaan.

Ongeveer 32% van alle mense in die wêreld sal hulleself as Christene identifiseer. 'n Aansienlike persentasie van hierdie mense is egter nominale Christene – mense met geen lewende verhouding met Jesus nie.

Wat is die belangrikste ding wat ons uit die volgende Skrifgedeelte leer: *En hierdie evangelie van die koninkryk sal in die hele wêreld verkondig word, sodat al die nasies die getuienis kan hoor. Eers dan sal die einde kom* (Matteus 24:14).

Die boek Operation World en Josua Project is twee van die beste bronne oor die oorblywende taak
https://joshuaproject.net/people_groups/statistics
https://operationworld.org

'N Belangrike video om na te kyk: Tears of the Saints.
https://www.youtube.com/watch?v=VtQbzRmmMfk

Die grafiek hieronder is ons oorblywende taak.



Gehoorsaamheid: Neem tyd om te bid en vra vir die Here Jesus: Here, U het vir my gesterf. Wat wil U hê moet ek doen om die onbereiktes te bereik?

Belangrik: Bid vir geleenthede om uit te reik na die pyn, verlorenheid en

gebrokenheid in die wêreld rondom jou. Hoe kan jy 'n seën vir mense wees? God sal mense na jou toe stuur of jou na hulle toe. Bid vir voorbereide harte.

Dag 6/6 (Selfstudie)

Die Groot Ongehoorsaamheid: Om nie dissipels en dissipelmakers te maak nie en nie dissipels van die nasies te maak nie

"Vrede vir julle!" sê Hy weer vir hulle. "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook" (Johannes 20:21).

As ek die evangelie verkondig, is dit nie vir my 'n rede om te roem nie. Ek verkondig die evangelie omdat ek móét! En wee my as ek dit nie doen nie! (1 Korintiërs 9:16).

Die duidelike verantwoordelikheid van die kerk om oor taal- en kultuurgrense heen te gaan om die nasies te dissipelleer, word verwaarloos. Ons is besig om "dissipelskap" te bestuur deur ons verengde begrip van "maak dissipels". Ons het ongelukkig die Groot Opdrag "mak" gemaak! Ons moet die nasies in ons dissipelskap terugbring – die evangelie is nie net "my gemeente" nie.

Die grootste verwaarlosing en probleem van die kerk is die versuim om dissipels van nuwe bekeerlinge te maak, om elke dissipel te help om 'n dissipelmaker te word en om dissipels van alle nasies te maak. Tensy die kerk hierdie saak suksesvol aanspreek, sal die kerk swak en ondoeltreffend bly en toenemend irrelevant raak.

Ons kan nie *ál* die probleme oplos deur dissipels en dissipelmakers te maak nie. Maar tensy ons dissipels en dissipelmakers maak, sal ons nie die ander dinge wat die kerk verswak, kan aanspreek nie. En ons sal ook nie dissipels van al die nasies kan maak nie, want as ons nie genoeg dissipels en dissipelmakers het nie, sal ons nie genoeg werkers hê om van al die nasies dissipels en dissipelmakers te maak nie.

Baie min Christen leiers sal nie saamstem dat dissipelskap van uiters belang is nie. Hoewel daar 'n besef is van die belangrikheid daarvan, vind byna geen intensionele dissiplinering van nuwe bekeerlinge en kerklidmate plaas nie.

Belangrik: Bid en vra die Here vir drie mense wat jy kan nooi om 'n nuwe groep van vier te vorm. Onthou, ons wil dissipels en dissipelmakers vermeerder. Soos jy deur hierdie proses gaan, sal jy na 25 weke toegerus wees om 'n nuwe groep te begin.

Opsioneel: Vir verdere leeswerk

Ons het nie 'n "beter of ander model" nodig nie.

Laat hulle aan U toegewy wees deur die waarheid. U woord is die waarheid. Soos U My na die wêreld toe gestuur het, het Ek hulle ook na die wêreld toe gestuur (Johannes 17:17-18).
Ons het nie 'n ander strategie, slim metodes of beter lering nodig nie. Ons

moet eenvoudig die dissipel maak-model implementeer wat Jesus gebruik het. Toe Jesus aarde toe gekom het, *het Hy nie beplan om te verloor nie.* Hy het ons 'n strategie gegee wat die wêreld sou verander en wat effektief genoeg was om die wêreld binne 'n baie kort tyd te bereik. Waar en wanneer mense hierdie model gebruik het, was daar deurbraak na deurbraak.

Daarom het Satan hierdie plan of model aangeval met alle geweld uit die hel. Vir die grootste deel van die laaste 2000 jaar sedert die hemelvaart van Jesus, het hy daarin geslaag om die kerk te leer om sy fokus op die maak van dissipels en dissipelmakers te verloor. En dit is waarom die kerk swak is en baie stadige vordering maak om die nasies met die evangelie te bereik.

Waar die kerk terugkeer na die maak van dissipels, kom nuwe en lewenskragtige kerke tot stand en word groot vordering gemaak.

Byvoeg vs vermenigvuldiging (Addition vs multiplication)

Evangelisasie is belangrik. Onvervangbaar belangrik. Ons het meer evangeliste nodig. Dit is ‘n ononderhandelbare fokus van die kerk. 'n Probleem ontstaan wanneer ons aanhou evangeliseer en nie net so vinnig nuwe bekeerlinge, dissipels en dissipelmakers maak nie. Evangelisasie word meesal so hanteer dat net meer mense by die gemeente bygevoeg word deur mense wat tot bekering kom. Dit klink gewoonlik so: "Drie weke gelede het ons 'n uitreik gehad met 27 bekeerlinge. Twee Sondae gelede was daar 'n sterk verlossings boodskap en 52 mense het hulle lewens aan Christus toegewy. Die afgelope Sondag het ons 'n gas prediker gehad en 31 mense het 'n oorgawe gemaak." Al die getalle is wonderlik: 27 + 52 + 31.

As jy een evangelis neem, wat een persoon per dag na die Here lei, sal hy na een jaar 365 bekeerlinge hê. As hy dit tien jaar lank aanhou doen, sal hy na tien jaar 3650 bekeerlinge hê en na twintig jaar 7300. Dit is om by te voeg (addition).

Maar as jy een dissipelmaker neem en hy maak een nuwe bekeerling en dissipelmaker per jaar, sal daar na een jaar twee dissipelmakers wees. Indien hulle twee elkeen weer een persoon na die Here lei, sal daar na twee jaar, vier dissipelmakers wees en na tien jaar sal daar 1024 dissipelmakers wees. Die verstommende is dat die evangelis na 16 jaar 5840 bekeerlinge sal hê, en die dissipelmaker 65 536 dissipelmakers. Na 20 jaar sal dit 1,048,756 dissipelmakers wees. (Die evangelis sal 7300 bekeerlinge hê.)

Die slotsom: Daar is geen vinniger manier om te evangeliseer en as om dissipelmakende dissipels te maak nie.

Uitdaging: Hoe oud is jy nou? Wat sal die effek wees as jy vanaf hierdie oomblik, elke jaar, vir die res van jou lewe, een dissipelskap groep van 4 persone neem en van hulle dissipelmakers maak en hulle leer om te vermenigvuldig? Indien jy tans

byvoorbeeld 35 jaar oud is en jy 70 jaar oud word, kan jy 35 groepe toerus. Indien jy dit met drie vermenigvuldig, gee dit vir jou 105 dissipelmakers na 10 jaar. As 60% van alle dissipels wat jy oplei, dissipelmakers word, sal jy na tien jaar 6300 dissipelmakers opgelei het. En onthou: elke dissipelmaker is outomaties weer ‘n evangelis – dit beteken jy het nou 6300 evangeliste ook opgelei.

Die volgende aanhalings is baie nuttig om te verstaan hoe die kerk vorentoe moet gaan.

'n Beginsels vir alle kerke: Ongeag hoe vinnig 'n gemeente groei, maar die spesifieke gemeente nie 'n dissipelmakers program nie, sal daardie kerk mettertyd stagneer en sterf. Dit geld vir klein, makro- en mega-kerke.

Die beginsel is: Daar is geen vinniger manier om nasies te evangeliseer as om dissipelmakende dissipels te maak nie.

Iemand het Robert Coleman, skrywer van The Masterplan for Evangelism en dat The Masterplan of Discipleship, gevra: As jy een vraag van die kerk in Amerika sou vra, wat sou dit wees? Hy het 'n oomblik gedink en geantwoord: Wat is julle verskoning om nie Christus se opdrag om dissipels te maak, te gehoorsaam nie?

Iemand het by geleentheid vir Billy Graham gevra: Wat sou jy doen as jy vandag 'n pastoor was? Hy het gesê, Ek sou vir my 'n dosyn manne kry en my lewe oor drie jaar in hulle uitstort. En dan moet elkeen van hulle 'n dosyn manne kry en die proses herhaal.

Robert Coleman: (Skrywer van The Master Plan of Evangelism and The Master Plan of Discipleship): Die vraag wat ons moet vra oor waarmee ons in die kerk besig is, is: Is dit die moeite werd om te doen? En kry dit die werk gedoen?

Warren Bird: Ons het 'n nuwe soort maatstaf nodig wat ons sal help om die aantal dissipels wat dissipels maak, te tel.

Skape steel: Kom ons hou op om skape te steel. Gaan na die ongereddes toe. Jesus het vir hulle gekom! Indien ons die verlorenes sou gaan soek en dissipelmakers van hulle maak, sal daar nie 'n gebrek aan mense wees wat kerk toe kom nie. Ons probleem sal wees hoe om hulle te kry om nie na ons kerk toe te kom nie, want daar sal nie plek wees vir almal wat wil kom nie.

Om dissipels te maak is 'n Bybelse beginsel. Dit is nie 'n gier nie.

Wat het Jesus gedoen? Hy het twaalf geroep om Hom te volg, en vir drie jaar het Hy die meeste van Sy tyd spandeer om te demonstreer wat Hy van hulle verwag het. Hy het hulle dissipels gemaak. En toe is Hy weg.

Die kerk se gesukkel om die evangelie na elke mens op aarde te neem, kan grootliks toegeskryf word aan die feit dat Christene in die algemeen die ewige verlossing van mense as ‘n kleinigheid beskou.

Die hoeveelheid energie en geld wat ons aan dissipelskap programme spandeer, moet gelykstaande wees aan wat ons spandeer aan ons evangelisasie programme.

Saad: Hoeveel sade is daar in een appel? Jy kan die appel in die helfte sny en die sade tel. Maar niemand weet hoeveel appels daar in een saad is nie!

2,6 Miljard Christene wêreldwyd sê: Ek is net een persoon! Watter verskil kan ek nou maak?